Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

Sondag, 28 April 2013

OGGENDDIENS: ds Karel

Skriflesing: Kolossense 3:15-17
Teks: Kolossense 3:15-17
Tema: Die erediens (van die lewe) is `n lied. Leer, onderrig en wys mekaar tereg deurdat jy Christusgesentreerd en Geesvervuld sing!

"Musiek is die universele taal wat almal verstaan", het iemand eendag gesê. Tog, in die kerk van die Here, is daar min dinge wat soveel redenasie, verskille, woede en hartseer kan veroorsaak soos wat daar gesing word en wat daar nie gesing word nie. Ook by baie van ons is daar verskille oor hoeveel ons moet sing, wat ons moet sing en hoe ons moet sing. As die liedere wat ons sing alleen by sing bly, het ons egter `n groot krisis - ook wat die erediens van die lewe betref! Ons begin iets daarvan beleef wanneer die liedere wat ons in die eredienste sing, bloot maar net die volgende stappie is om by die preek uit te kom. In werklikheid, vir baie van ons is die preek eintlik maar die enigste saak waaroor die erediens gaan. Méér verkeerd, kan ons nie wees nie...

Voorafsang
Ps. 146-1: 1, 8 en Ps. 149-1: 1, 2

Ontmoetingsdiens
Votum, Seën ; Lofsang Ps. 47-2:1, 2 en Ps. 104-2: 1, 16, 17; Geloofsbelydenis Sing: Sb. 12-2: 1, 2, ek lees verse 3-5, ons sing Lied 292:1

Verootmoedigingsdiens
Wet ; Sing Ps. 32-1: 3, 4, 6; Gebed

Woorddiens
Skriflesing; Sing Ps. 30-1: 1, 3; Prediking; Sing tydens prediking Sb. 1-2: 1, 2, 3 en Ps. 116-1: 1, 7, 10

Antwoorddiens
Gebed; Liefdegawes; Gebed vir BnB; Sing Ps. 150-2: 1, 2 ; Seën; Sing Sb 13-2

AANDDIENS: ds Karel

Skriflesing: Psalm 50 en Heidelbergse Kategismus Sondag 45
Teks: Psalm 50:14-15
Tema: Die waarom, hoe en wat van gebed

Verlede Vrydag en Saterdag het ons `n gebedsverryking werkswinkel gehad wat vir baie van ons ontsettend baie beteken het. As ons egter na mekaar luister, wanneer ons oor gebed praat, word dit duidelik dat baie van ons nog meer wil weet. Só het die Graad 8 katkisasie klas hierdie week stilgestaan by hoekom ons moet bid en was daar ook `n versoek dat ons weer na die Onse Vader moet luister in `n reeks preke. Vir die volgende paar weke gaan ons dit dan ook doen, met die hulp van ons belydenis in die Heidelbergse Kategismus. Vanaand gaan ons egter eers stilstaan by die waarom, hoe en wat van gebed, voordat ons gaan begin nadink oor die inhoud van die Onse Vader.

Vooraf sang
Lied 428: 1, 3, 4 en Ps. 35-2: 2, 3

Ontmoetingsdiens
Votum; Seëngroet; Loflied Sb. 2-2: 1, 2, 3; Gebed.

Woorddiens
Skriflesing; Toe-eiening van Skrifgedeelte: Ps. 50-2: 4, 6, 7 (Op die melodie van Skrifberyming 10-1); Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed - Sb. 10-2; Liefdegawes; Gebed vir BNB; Sing Psalm 68-1: 9, 13, 15; Seën; Amen Sb 13-3

MEELEWING

- Oom Johan Coetzee (wyk 4 - 083 985 9465) ons koster, begin môre met bestraling. Ons bid hom en tannie Elsa sterkte toe met die behandelingspad wat voorlê.
- Tannie Ria Wahl (wyk 6 - 082 473 4788) sterk tuis aan nadat sy vir `n tyd lank in Mooimed was met `n hartkwaal.
- Evelyn Louw, die ma van Tobianna en Sias Willemse (wyk 13 - 072 380 8615), het die afgelope week in die Here ontslaap op die rype ouderdom van 94. Ons bid vir Tobianna en Sias die troos van die Here toe.

Ons bid dat die Here spoedig beterskap en herstel sal gee.

ONS DINK OOK AAN DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Br Hennie vd Berg, Sr Sannie Reyneke, Sr Filina Coetsee, Sr Marianne Kruger, Sr Bettie Ras, Sr Janet vd Walt, Sr Tokkie Theunissen en Sr Nella Swanepoel.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke deur die hospitaalbesoeke-diensgroep, skakel vir:

Anna Smith	082 765 9813
Marian de Kock	082 950 4358
Marique Reichel	082 657 4508
Annatjie Grobler	073 258 7833/ 018 290 9974
Marietjie Venter	082 852 6870/ 018 290 6266

of e-pos siekes@oosdoppers.co.za

AFKONDIGINGS

Die volgende aktiwiteite vind DV hierdie week plaas:

Vandag
09:30 Gebedsgroep
10:00 Oggenddiens
Kleuterbediening
Katkisasie
Tee en koffie in die Skuur
12:00 Wyksbyeenkoms: wyk 26 & 28
18:00 Aanddiens

Maandag
17:15 Katkisasie (Gr. 9)
18:30 Taakspan: Jeugbediening
19:00 Kommunikasiekommissie
19:00 Gebed en Ondersteuning

Dinsdag
06:00 Manne Ondersteuningsgroep
18:30 Ouderlinge gebedsgroep
18:30 Bedieningskommissie

Woensdag
Werkersdag

Donderdag
18:30 Wyksbyeenkoms: Wyk 23 & 24

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV diè week verjaar!

Sondag, 28 April

Sr Michelle Bezuidenhout	072 261 3972
Sr Kinnie Yssel (77)	082 078 4608
Br Leon Els	083 376 2866
Br DJ Moss	074 068 6683
Br Vlooi Dreyer	082 677 1059

Maandag, 29 April

Br Pieter Lessing	082 375 4078
Sr Marian de Kock	082 950 4358
Br Banie vd Walt	083 393 5875
Jsr Emma du Plooy	018 294 3709
Sr Marie Oosthuizen	082 929 3834

Woensdag, 1 Mei

Br Wynand Scholtz	083 607 0596
Br Johan Markgraaff	082 550 4435
Br Jan Bezuidenhout	078 327 2929

Donderdag, 2 Mei

Br Ian vd Walt	083 440 3978

Vrydag, 3 Mei

Br Johan Liebenberg	072 865 5783
Jbr Buks Buys	083 765 2749
Br Phillip Venter	082 403 2890
Ds Hessel Dijkstra (76)	082 940 4281

Saterdag, 4 Mei

Sr Clair vd Walt	076 425 6017

ANDER AFKONDIGINGS

- Liefdegawe vanoggend vir Barmhartigheid.

Die Diakonie ervaar 'n tendens van toenemende behoefte by lidmate om finansiële ondersteuning. Kom ons wat genoeg van die Here ontvang, gee ruim met vrywillige harte om die Diakonie in staat te stel om die groeiende behoeftes te kan ontmoet.

- Gawe by die deure vanoggend vir Klassis: Sustentasie.
- Gawe volgende Sondag vir GKSA Sustentasie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies by deure gesit word.
- Diensbeurte: Wyk 33 en 34.

JEUGNAWEEK - 11 EN 12 MEI 2013

Die Jeugbedieningskommissie beplan vir die naweek van 11 en 12 Mei twee jeugaksies vir al die katkisante van die gemeente. Op 11 Mei gaan ons almal saam bietjie stap (so dink nou al wat ma vir jou in jou rugsak moet pak) en 12 Mei gaan ons almal saam met die jongmense van Syferfontein kuier na die oggenddiens. Die jeugkommissie wil asseblief alle ouers aanmoedig om hulle kinders hierby betrokke te kry en ook om te help met die vervoer op die Saterdag en Sondag.

Meer inligting sal later gegee word.

DANKIE HERE VIR:

Die feit dat ons as gemeente mekaar kan leer en onderrig deur dit wat ons sing.

Indien daar iets is waarvoor jy dink ons as gemeente die Here moet dank, stuur dit deur na die kerkkantoor of ds. Karel.

ONS LITURGIE

`n Paar sondae gelede het ons begin met `n reeks preke oor die liturgie van ons eredienste. Maar wat is "liturgie" en hoe pas dit in ons eredienste in? Die woord "liturgie" word afgelei van `n Griekse woord, *leitourgia,* wat eenvoudig vertaal kan word met "die diens van die volk". Die liturgie verwys dus na hoe ons dinge in ons erediens doen - hoe ons God dien in ons eredienste. Tog gaan hierdie eredienste nie net oor ons samekoms op Sondae nie, maar ook oor die erediens van ons lewe. Daarom dat dit wat ons Sondae in ons samekomste doen, iets moet weerspieël van ons lewe van elke dag.

Om hierdie rede is dit belangrik dat ons eredienste op Sondae sekere eienskappe moet dra. Ons eredienste moet feestelik wees en dit moet ook daarop gerig wees om ons as gemeente te laat groei in ons verhouding met mekaar. Verder is `n erediens nie net eenrigting verkeer nie. Dit is `n ontmoeting van ons Here met sy gemeente. Daarom dat ons eredienste `n dialoog moet wees. Daar is geleenthede waar ons na God luister (soos wanneer ons Bybel lees) en daar is geleenthede waar ons antwoord (sang en gebed).

Omdat die erediens ons moet laat groei in ons verhouding met mekaar en met God, is dit belangrik dat ons eredienste ordelik moet wees. Ordelikheid beteken **nie** volgorde **nie.** Ordelikheid beteken dat alles in ons eredienste só gedoen moet word dat dit die groei in ons verskillende verhoudings stimuleer.

Tog is ons eredienste nie gesluit vir die wêreld nie en daarom mag dit ook nie wêreldvreemd wees nie. Daarom dat die Sinode van die Gereformeerde Kerke lank

reeds besluit het dat daar nie iets soos spesifieke kleredrag vir eredienste of "ampsdrag" mag wees nie. Dat die samekomste van ons gemeente op die wêreld gerig moet wees, hoor ons reeds by Paulus wat, byvoorbeeld, vir die gemeente in Korinte gesê het dat wanneer `n ongelowige in `n samekoms inloop, dinge só moet gebeur dat hy of sy op `n punt sal kom om te sê: "Waarlik, God is hier met julle!"

Mag die volgende paar weke se preke oor die erediens en oor dit wat ons in die erediens doen elkeen van ons verryk. Mag ons daardeur versterk word om die erediens van ons lewe tot die eer van God te lewe en mag elkeen van ons weer opnuut dink en praat oor hoekom ons eredienste lyk soos dit lyk en of dit werklik slaag in hierdie doelwitte.

DEELNAME AAN, KOMMENTAAR OP EN VRAE OOR DIE PREDIKING

Ons wil graag lidmate se deelname aan die prediking verbeter en gaan voortaan elke Sondag in die voorportaal pamfletjies plaas waarop jy kommentaar op of vrae oor die dag se boodskap kan lewer of vrae. Plaas hierdie pamfletjie in die "Versoeke houer" wat daarvoor in die voorportaal aangebring is. U kan ook by wyse van epos, Whatsapp of Facebook u vrae aan die predikante stuur. Die betrokke predikant sal dan die volgende Sondag of in die Dienelkander of kortliks mondelings daarop terugvoer gee tot voordeel van die hele gemeente. **Ons wil u aanmoedig om hiervan gebruik te maak.**

WYKSBYEENKOMSTE

Wyke 26 en 28 gaan na die oggenddiens bymekaar kom vir `n bring-en-braai. Bring asseblief eie vleis, eetgerei, drinkgoed en bykosse.

Eerskomende Donderdag, 2 Mei om 18:30, is dit die wyksbyeenkoms van wyke 23 en 24. Op 9 Mei sal daar geen wyksbyeenkoms wees nie, siende dat dit Hemelvaart is. Kom woon egter gerus die erediens by wat in die kerkgebou van Gereformeerde Kerk Die Bult gehou gaan word om 19:00.

Die doel van die wyksbyeenkomste is dat ons mekaar kan leer ken en dat ons saam praat oor die bediening in en van die gemeente. Maak asseblief `n poging om hierdie byeenkomste by te woon.

KENNISGEWINGBORD

- Skolieskamp Gr 10-12 7 tot 12 Julie 2013.
- Nuwe boek by PTP - "Kinders MOET beskerm word!"
- Optrede 18 Mei 2013 - Adam Tas

GEBEDE VIR BEDIENING NA BUITE UIT "DIE SAAIER"

Portugal: Bid vir ons ernstige finansiële uitdagings. Dank die Here vir die reuse uitdagings, beide wat Bybelverspreiding en interaksie met die Bybel betref. Bid veral vir ons uitstalling Ekologia - die Kerk, die Woord en ekologie en "Die Fees van die Bybel", waarby al die kerke, ander Christenorganisasies en ook nie-godsdienstige instellings betrokke is.

Spanje: Bid vir ons pogings om die jeug deur veral moderne tegnologie te bereik. Bid dat ons pogings om Bybels aan ons soldate te voorsien, suksesvol sal wees. Bid vir alle Bybelverspreiding in Spanje en bid ook vir die finansiële uitdagings in ons land.

Italië: Bid vir Bybelwerk in hierdie land. Bid vir Bybelverspreiding, dat dit sal toeneem en dat meer mense die bybelse boodskap sal uitleef. Bid vir die personeel en raad.

VLEISBESTELLINGS

Daar is nog vleisbestelvorms in die voorportaal van die kerk en in die Skuur beskikbaar indien u nog nie een ingevul het nie.

PROJEKTE

Beste Gemeentelede die dankbaarheidsbydraevorms is uitgedeel aan jou wyksuster. Kontak haar indien jy gou jou vorm wil ontvang en jou bydraes wil deurgee. Die Oosdopperfees is jou

geleentheid om jou dankbaarheid te toon! Wat ‘n voorreg om deel te wees van Potchefstroom-Oos! Vorms is in voorportaal van saal en kerk ook beskikbaar.

Oosdopperfees: 25 Mei 2013!
Wat ’n feesgeleentheid is dit nog elke jaar!
Ons sien met opgewondenheid uit daarna!

Behalwe die reeds bekende **Vleisverkoping** waarna baie mense uitsien en die vrieskaste leeg hou, is daar baie ander lekker dinge wat ons dag vul.

Boeke / CD’s / DVD’s
Ons wil graag julle al aanmoedig om vir die Boeke Oase die oortollige boeke in jul kaste te bring sodat ons dit daar beskikbaar kan stel aan lidmate. Die Boeke-Oase was verlede jaar ons beste stalletjie by die Oosdopperfees en het ook die meeste fondse geïn! Bring gerus die wat jy verlede jaar daar gekoop het en klaar gelees het, sodat ons dit weer met ander kan deel! Enige navrae oor die boeke-oase kan by Ment Larney gedoen word. Ook ou CD’s en DVD’s. Die van julle wat speletjies het wat hulle ook wil verkoop is welkom! Iemand anders kan dit weer geniet!

Ons **Handelshuis** is elke jaar ’n groot treffer en julle kan solank beplan wat jy gaan bydrae vir die handelshuis. Goeie gebruikte klere vir babas en kinderklere, gebak veral koeke (een laag) en klein koekies, konfyte, ingelegde vrugte, eiers, groente, plante, biltong, houtspeelgoed, bruikbare tweedehandse speelgoed, Wit Olifant items en goeie 2de handse tydskrifte (bv. finesse, Weg, Juig) ens. Dus enige iets wat jy kan bydrae vir ons Handelshuis is baie welkom. Wit Olifantprodukte is ook welkom.

NB! Ons wil ons gemeentelede versoek om te help met die bak van koeke, brode, terte en kleinkoekies. Bak gerus jou gunsteling kleinkoekies by die huis en bring vir ons dan sal ons dit vir julle verpak!

Die **Poedingtafel** is altyd ’n moet by die Oosdopperfees en hier is jou kans om jou lekkerste poeding vir ons te bring! Beplan asseblief betyds en maak seker dat ons elkeen ‘n lekker bakkie poeding kan eet hierdie jaar!

Vlugbal (“Volleybal”) kompetisie - Ja dit is ook nou al ’n instelling by ons fees en hier is jul kans om daarby betrokke te raak! Al die jonges van gees kan deelneem en solank begin oefen. Praat met Gerrie van Deventer as jy graag wil deelneem.

Grilgrot (Spookhuis) - Die gewilde grilgrot benodig ‘n nuwe span om dit te beplan, uit te voer en te bestuur en ons sal bly wees as die van julle wat bereid is om daarmee te help met Rieëtte Venter gesels!

Uitstallers is welkom om ons te kontak vir uitstalgeleentheid. Praat met Rieëtte Venter en / of Adele Delport.

Kom neem jou Kiekie! Karin Conradie gaan hierdie jaar weer daar wees vir mooi fotos en lekker lawwe foto’s - kom maak herinneringe bymekaar!

BEDIENINGSTRATEGIE

Daar is afskrifte van die Bedieningstrategie beskikbaar in die Skuur vir lidmate wat graag daardeur wil lees, u kan dit ook elektronies van Adele aanvra. Ons sal graag terugvoer wil ontvang rondom ons Bedieningstrategie.

HUWELIKS- EN GESINSVERRYKINGSKURSUS

Liewe Gemeentelede,
Ek bied elke 2de Donderdagaand, vanaf 19:00 - 20:00, 'n huweliks-en gesinsverrykingskursus aan by die NG Kerk - Bult, in Esselenstraat. Die spesifieke gemeente nooi alle belangstellendes uit om dit by te woon. Die kursus sal oor verskeie maande aangebied word en elke aanbieding sal 'n ander dimensie van die huweliks-en gesinslewe / - interaksie aanspreek. Die voordeel daarvan is dat 'n persoon die aanbiedings kan bywoon, soos wat sy/haar program dit toelaat.

Die kursus word in die Kerkantoor van die gemeente, wat oorkant die Kerk is, aangebied.
Die kursus is gratis en die volgende aanbieding is eerskomende Donderdagaand, 2 Mei. Dit sal handel oor **Die struktuur van ons gesin**.
U is welkom om dit by te woon.
Chris Venter

Benodiging van skenkings vir Koningskinderskamp 10-12 Mei

Geagte Kerkraad/Leser

Koningskinders Potchefstroom beplan 'n naweekkamp tydens 10-12 Mei vir 55 kinders en 30 volwassenes. Om die kamp moontlik te maak benodig ons nog R7000 in finansiële skenkings asook die volgende kos bestandele:

- Heel hoender
- Maalvleis
- Dun boerewors
- Gemengde groente (gevries)
- Spagetti
- Suiker
- Melk
- Vetkoeke (klaar gebak en gevul)

Indien daar met enige van die bogenoemde gehelp kan word, kontak asb. vir Willem van der Meer (073 021 6871, willem.vdmeer@yahoo.com). Vir enige finansiële bydrae kan die geld in die Koningskinders-rekening inbetaal word:

Bank:	**ABSA**
Tjekrekeningnom:	**4048769163**
Takkode:	**632005**
Verwysing:	**Jou naam en van/Gemeente**

Ons vra dan ook dat elkeen vir die kamp en die voorbereiding daarvoor sal bid.

DEPUTATE VIR OWERHEIDSAKE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

VERKLARING

INSAKE OKASA SE TOEKENNING VAN 'N LISENSIE AAN TOP TV OM PORNOGRAFIE TE BEELDSEND

1 Die Deputate vir Owerheidsake van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika neem met ontsteltenis kennis dat OKASA aan TOP TV 'n lisensie verleen om pornografie te beeldsend.

2 Die Deputate spreek sy teleurstelling uit oor OKASA se uitlating dat morele argumente nie oorweging verdien in die aangeleentheid nie. Volgens Mnr. Paseka Maleka, woordvoerder van OKASA, is die talle vertoë teen die toestaan van die lisensie verwerp omdat "die meeste van die vertoë wat teen die aansoek gerig is, berus op morele beginsels eerder as op navorsing wat 'n verband tussen pornografie en geslagsgegronde geweld kon aandui." Daarteenoor stel die Deputate dat moreel-etiese oorwegings, bewustelik of onbewustelik, altyd 'n rol speel in enige besluitneming. Morele oorwegings is veral belangrik in die aangeleentheid, omdat Suid-Afrika geteister word deur 'n buitengewone hoë verkragtingsyfer, 'n HIV pandemie en geweld teen vrouens en kinders. Dit is die mening van die Deputate dat die besluit van OKASA sal bydra tot die verdere morele verval van die Suid-Afrikaanse samelewing.

3. Artikel 2 (a) van die OKASA wet, Wet 13 van 2000, bepaal duidelik dat dit die doel van die Wet is om 'n liggaam (OKASA) daar te stel om die uitsaaiwese "in die publieke belang" te reguleer. Die Deputate daag OKASA om te verduidelik hoedat die negering van "morele beginsels" in die "publieke belang" kan wees. Hierdie besluit maak ook 'n karikatuur van regeringslui se herhaalde oproep om 'n "morele herlewing" in Suid-Afrika.

4 Die Deputate is van oordeel dat die besluit van OKASA ernstige inbreuk maak op die Grondwetlike grondwaarde van menswaardigheid. Pornografie objektiveer en kommersialiseer immers die menslike liggaam, fokus op obsene en perverse vorme van seksualiteit, en beeld veral vrouens as seksuele objekte uit.

5 Die Deputate vind dit jammer dat TOP TV kommersiële oorwegings belangriker beskou as die morele welstand van 'n samelewing wat reeds deur seksuele geweld en perversiteit geteister word.

6 Die Deputate wys alle Christene daarop dat God in sy Woord 'ontug en onsedelikheid in enige vorm verbied'(Efesiers 5:3). Christene word derhalwe
opgeroep om hulle van TOP TV te distansieer en ondersteuning te weerhou, asook enige ander media wat in die toekoms dieselfde weg as TOP TV sou opgaan.

Ds Cassie Aucamp (voorsitter)
Prof Francois Muller (skriba)

BEDIENING NA BUITE

Vriendskapsevangelisasie

Elke gelowige behoort altyd besig te wees om ten minste een ander persoon na God te lei en te mentor

Hoekom doen ons dit nie? Meeste mense sal antwoord dat hulle nie vrymoedigheid het nie omdat hulle nie weet hoe om dit te doen nie.
27 tot 29 Mei stuur ons enige iemand wat wil na die kursus "Getroue getuie" in Pretoria.
Skakel aseblief vir Adele by die kerkkantoor as u belangstel.

Kinderevangelisasie

Ons gemeente stuur die twee vrouens Miriam Matloko en Thandiwe Coulter na die derde opleidings geleentheid wat hulle as tutors bekwaam .
ONS HET HULP NODIG. Iemand wat bereid is om hul vervoerreëlings te tref. Potch Oos betaal die buskaartjies en taxi gelde.
Skakel myself indien u sal help.
Koot van der Walt, 079 395 2789

Syferfontein en Klipdrif

Johan Dunn en Peter Hattingh, ons twee teologiese studente wat die bediening op die twee punte waarneem is toegegooi met werk. Diakonale werk volg noodwendig op Woordbediening. So was dit ook met die gemeente in Jerusalem.

Ons het hulp nodig

Mense wat bereid is om een keer per maand die oumense , een of meer soos u daarvoor kans sien, te besoek en pakkies wat reeds saamgestel is, uit te deel.

Mentor en toerusting van manne om as ouderlinge te dien. Een broeder het reeds aangebied om te help. Ons het hier egter 'n span van drie of vier broeders wat mekaar kan aanvul en aflos nodig.
Laat weet my indien u bereid is om betrokke te wees.

BEROEPE NUUS

BEROEPE ONTVANG

- Ds ASA de Bruyn van Wilropark na Heidelberg.
- Dr BA de Vries van Pretoria-Brooklyn na Pretoria-Annlin onder KO, art 7 met opdrag Engelse kerkplanting en voortgaande opleiding by Mukhanyo Teologiese Kollege.
- Ds JG van der Walt van Reddersburg na Empangeni.
- Ds CJ van Vuuren van Hartbeespoort na Koster as medeleraar.

BEROEPE BEDANK

- Ds GS Kruger van Centurion na Koster as medeleraar.

SUSTERS

TEESKINKGELEENTHEID

Tee word vandag bedien deur wyke 14, 19 en 21. Baie dankie vir die dames wat help met die skink en opwas!

Daar is weer vandag poeding beskikbaar teen ‘n donasie. Die geld wat hiermee geïn word, word vir die Koningskinders aangewend. Onthou ‘n donasie van ± R8 per bakkie poeding, dit is ‘n billike riglyn en baie waarde vir jou geld!

KWARTAAL PROGRAM – 2de Kwartaal

DATUM	DAG	TYD	WIE	WAT
19 Mei	Sondag	16:00	Blok A	Kerkraadsvergadering - verversings
20 - 24 Mei	Maan - Vry	13:00 en 18:00	Naamlys	Oosdopperfees - Vleiswerk - etes
25 Mei	Saterdag	09:00	Almal	Oosdopperfees
26 Mei	Sondag	17:30	Blok A	Jeugaand (Oos)
02-Jun	Sondag	19:00	Blok B	Ouderlingevergadering - verversings
04-Jun	Dinsdag	19:00	Blok D	Sustersamekoms
09-Jun	Sondag	12:00	Blok C	Nagmaalete

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!

NUTS ABOUT BILTONG

West Acres Sentrum (Pick ‘n Pay)
Kom loer gerus in vir vars peuselhappies -
Droëvrugte, neute, biltong, droëwors, chilli sticks en vele meer.
Ons maak ook geskenkruikers.
Kontak ons gerus by 018 293 3476
of
Elizna 071 361 9703